REDAKSIES

ADMINISTRASIE

Redaksioneel

Sien jy nog God se genade raak?

"Ek wens dit wil nou ophou reën." Hoeveel keer het jy nie mense dit hoor sê in die maand Februarie nie? Dit het gevoel asof dit nooit wou ophou reën nie. Dit het die atletiekbyeenkomste, braai, en jool gepootjie.

Tog... 'n weerkenner by die SA weerdiens sê dit was eintlik 'n normale reënseisoen gewees. Sy sê omdat ons drie droë seisoene beleef het, voel die baie reën vir ons abnormaal. In werklikheid is dit egter wat dit moet wees. Hierin kan ons God se hand sien. Ons kan dankbaar wees vir die reën wat so mildelik oor ons provinsie uitgesak het. Ons bid net dat Kaapstad binnekort dieselfde vreugde mag smaak, en dat die droogte wat hulle daar ervaar binnekort iets van die verlede sal wees.

Hoe dikwels doen ons dit egter nie? Hoe dikwels sien ons dinge net uit ons eie selfsugtige oogpunt en sien ons nie God se werk raak nie? Ons is gou om te kla as dinge sleg gaan, maar wat doen ons as ons voorspoed beleef? Mag Maartmaand vir jou 'n maand wees waarin jy God se genade van vooraf sal raaksien.

Ons hoop julle geniet hierdie uitgawe van die Olielamp. Onthou, jy hoef nie te wag tot iemand jou vra om 'n artikel te skryf nie. Enigiemand is welkom om 'n artikel te skryf.

Namens die Pretoria redaksie
Vriendelike groete
Tanya de Vente

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel 3
Uit die Woord 4
Spreuke 5 : 15 4
Oppad 7
Ons gesprekke 7
Die onophoudelike gebed van God se uitverkorenes 8
Negatiewe terugvoer 9
Wanneer God nie sin maak nie 10
Voel jy ook so? 11
Alweer verhoudings 11
"Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af..." 12
My en jou uiterlike voorkoms 13
Dino's = Evolusie; tjol of in die kol? 14
Voetspore 18
Deur die sleutelgat 19
Bible puzzle 20

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 12 Maart 2006

Uit die Woord

Spreuke 5 : 15

Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put

Dominee Viljoen

Een van die belangrikste temas wat in die Spreukeboek aan die orde kom, is seksualiteit. Ja, u het reg gehoor. Nie die huwelik self is in die eerste plek aan die orde nie. Maar die geweldige krag van ons seksualiteit. Spreuke laat sien dat dit 'n saak is wat 'n groot rol in mense se lewens speel. Hierdie krag wil Spreuke nie ontken of maak asof dit nie bestaan nie.

Spreuke praat oor dit waarteen ons ons elke dag vasloop en teen vaskyk. Mans en vroue kom mekaar teë in die samelewing. Elke dag weer. Waar ons saam kuier. In die werkplek. Gewoon op straat. In die winkelsentrums. In tydskrifte. In die woorde van Spreuke 1 – ons kom mekaar teë op die stadspleine en die rumoerige strate. Die teenwoordigheid van die ander geslag kan ons nie ontken nie. Ons kan ook nie maak asof daar nie 'n appél na ons uitgaan nie.

G'n jongman of jongmeisie loop met hul oë in hulle sakkke rond nie. Ons sien mekaar. Manne en vroue. Ons sien prikkelende advertensie-borde en seksueel uitdagende televisie-programme. Kleredrag wat ons seksualiteit beklemtoon. Ongelukke op seksuele gebied gebeur nie toevallig nie. Voor die eerste doelgerigte liggaamlike kontakte, is daar gedagtes, toevallige aanraking, 'n aankyk van die ander.

Hieroor praat die eerste hoofstukke van Spreuke breedvoerig en reguit. 'n Verkeerde preutsheid hieroor is duidelik onvanpas. Die Here wil hierdie aspek van ons lewe aan die orde stel. Op 'n openhartige manier. Nee, nie skaamteloos nie. Maar die Spreukeboek wil laat sien dat geen enkele aspek van ons lewe uitgesluit is van die Koningskap van die Here nie. Die wysheid van die Here wil nie uitgesluit word by die mees alledaagse aspekte van ons lewe nie.

Ons kry in hoofstuk 5 ‘n vrou te sien. ‘n Vrou wat haarself aanbied as mej. Reg. Ons sien haar met haar fladderende oogwimpers en haar gladde mond. Nee, Spreuke probeer nie onkuis wees nie. Maar daar word geroep na die jongmanne wat nog ongeoefen is in die lewenskuns met die teenoorgestelde geslag: “My seun, luister na my wysheid en my woorde van insig”. Hier praat een met lewenservaring. Nie een wat <u>in angs</u> wil keer dat die jongman dieselfde foute sal maak as wat hy self gemaak het nie. Een wat wil leer: jy gaan hiermee te doen kry. Wees wys wanneer jy skouer skuur (!!) met die teenoorgestelde geslag. Juffrou Reg is nie altyd so reg as wat sy op die eerste oogopslag lyk nie. Sy is dalk heeltemal Juffrou Verkeerd. Die jongman word nie gewaarsku om weg te bly van vroue asof daar fout is met vroue of mans se seksualiteit nie. Hy word nie aangeraai om sy liefde nie vir ‘n vrou te gee nie. Hy word <u>nie teen vroue</u> gewaarsku nie. Wel teen <u>die verkeerde een</u>! Hy moet leer om sy liefde vir die regte een te gee. Later in Spreuke 18 lees ons juis: “*Wie ‘n vrou gevind het, het iets goeds gevind en ‘n welgevalle van die Here verkry*” (Spr. 18:22).

Spreuke laat ons in die eerste plek ‘n “vreemde vrou” sien. Een wat haar gaan aanbied as juffrou “Net-die-een”. Ons seuns en dogters het met die stuur van ‘n sms op hul selfoon toegang tot ‘n “vreemde vrou/man”. Ons moenie dink dat dit ons of ons kinders verbygaan nie. Ons moet hulle Christelike lewenskuns - wysheid - gee waarmee hulle kan gaan lewe.

Dit is ook nie genoeg om u seun en dogter te waarsku teen die jongmense “buite die kerk” nie. Uitgaan binne die kerk is geen vrywaring teen wat Spreuke die “vreemde vrou” noem nie. Spreuke gee geen waarskuwing teen die vroue van die Moabiete of die Filistyne nie, maar teen die vroue in Israel wat nie weet hoe om uit eie fonteine hulle dors te les nie. Die vreemde vrou is <u>die vrou van ‘n ander wat ook vir jou vreemd moet bly</u>. Jy mag haar ook nie beter leer ken nie. Ook al vra sy daarvoor met die mooiste van woorde: “Die lippe van die vreemde vrou drup heuningstroop en haar verhemelte is gladder as olie” (5:3). Jy sal haar nie kan weerstaan nie. Bewaar die grens tussen jou en haar. Gaan geen verhouding met haar aan nie. Ook al lyk dit in die begin nog maar so onskuldig!

‘n Vreemde vrou is dus een wat of reeds aan ‘n ander behoort of nog aan ‘n ander sal behoort. Hier word gewaarsku teen ‘n oorhaastige uitlewing van ons seksualiteit. Die vreemde vrou is die een wat nie aan jou behoort nie. Selfs al is jy dalk al vir jare in ‘n verhouding met mekaar betrokke. Dalk al verloof. Maar óók dán is sy nog nie joue nie. Let op hoe jy met haar omgaan. As jy nie versigtig is nie, gaan die einde van die verhaal ‘n bitter smaak in jou mond laat: “Op die end is sy bitter soos wilde-als”. En jy gaan seerkry: “sy is soos ‘n swaard aan weerskante skerp” (5:4).

Maar meer as dit. Dit is ‘n pad wat uitloop op die dood: “Haar voete daal na die dood toe af, haar treë streef na die doderyk toe”. Moenie onder die illusie leef dat jy die lewe op daardie pad sal kry nie. Selfs al lyk dit nie nou vir jou so nie, gaan jou lewe met die Here op hierdie manier tot niet (5:6). Hierdie vreemde vrou ontmoet jou op allerhande plekke. Op die selfoon se sms dienste, die internet, twyfelagtige tydskrifte, hier in die kerk, by die jeugvereniging – oral kan jy haar ontmoet.

Wat moet ons dan doen? Daaroor laat Spreuke ons nie in die duister nie. In vers 7 kom die dringende uitnodiging om weer te luister. Heel eerste moet jy doodgewoon leer om van haar weg te bly (5:8). Moenie met vuur speel nie. Kom nie naby haar huis nie. Om nie eers van haar slaapkamer te praat nie!! Hou afstand tussen jou en haar! Waarom sal jy jou self gee vir een wat uiteindelik blyk heel wreed teenoor jou te wees? Dit maak jou ‘n slaaf van ander. En wat bly vir jou uiteindeliik oor? Jy kan maar net uitskreeu : “waarom het ek dit wat my geleer is verwerp? Ek het elke waarskuwing verag. Waarom het ek nie geluister na die wat my geleer het nie? Ek het my ore toegestop vir hulle raad. Byna het ek ten gronde gegaan vir die hele gemeente om te sien.” (5:12-14).

Stilstaan

Wie?

6:00. Alarm gaan af.
Opstaan?
Of nog 2 minute lê?

Opstaan.
Watter klere sal ek vandag aantrek?

Ontbyt.
Wat gaan ek vir ontbyt eet?
Gaan ek ontbyt eet?

`n Dag vol keuses.

Matriek.
Wat wil ek graag eendag word?
Waar gaan ek studeer?
Gaan ek studeer?

Liefde.
Is sy die meisie met wie ek my lewe wil deel?
Is ek die hulp wat by hom pas?

Kinders.
Hoe voed ek hulle op?

`n Lewe vol keuses.

Wat is my dryfveer in die lewe?

Wie dien ek? God?

Hierdie één keuse bepaal al die ander keuses.

Elke keuse.

Elke dag.

Ons moet nie dink dat ons flirtery met ‘n vreemde vir ander se oë bedek gaan bly nie. Jou skande kom in die openbaar uit. Almal sal kan sien hoe ongelukkig jy is. Almal sal sien hoe jy ‘n slaaf van jou begeertes geword het. Dit wat ons dink ons in die geheim doen, is uiteindelik vir almal behalwe jouself glashelder te sien.

Wat is dan nou wysheid in hierdie wêreld waarin ons leef. Sal ons ons seuns teen meisies waarsku en ons dogters teen seuns? Nee!! Vertel hulle van die verleidelikheid van die vreemde. Natuurlik. Praat maar heel reguit daaroor. Spreuke draai geen doekies om nie. Maar Spreuke wys ons die weg van wysheid waarmee ons ons seuns en dogters verder moet help. Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put (5:15 ev.). Daar is ‘n dors wat geles kan word. Ons kan nie die dors na die teenoorgestelde geslag ontken nie. Ons hoef ook nie te maak asof ons dit nie het nie. Die Here het ons gemaak om na mekaar te verlang. Maar dit is wys om jou dors te les op die regte plek.

Die Here het daarvoor ‘n veilige hawe gegee. By jou eie vrou en jou eie man. Die beeld word vir ‘n vrou gebruik as reënbak waaruit gedrink kan word. En die man ‘n fontein wat nie op straat en op die pleine sal oorstroom nie. Nie vir ‘n ieder en elk nie. Maar vir sy eie vrou. “Hulle moet vir jou alleen wees en nie vir ander saam met jou nie” (5:17). Dan word seksualiteit werklik iets mooi. Dan kan jy bly word oor die vrou van jou jeug. En jou fontein sal geseënd wees. Jou vrou sal soos ‘n pragtige wildsbokkie vir jou wees; ‘n aantreklike steenbokkie wat met haar groot oë jou hart vermurwe. Laat haar boesem jou vermaak. Word van haar liefde dronk. Bedwelmd van haar liefde. Heel buite jouself van vreugde oor die ander!!

Sien u hoe wil die Wysheidsleraar ons die wysheid voorhou om jou seksualiteit te reserveer vir jou eie vrou en eie man? Waarom sal jy bedwelmd word by ‘n vreemde? Dit is mos nou dwaas!! Die einde daarvan is nie so mooi soos jy jouself graag wil voorstel nie. Jy gaan jouself in ‘n strik laat vang as jy op daardie pad gaan. As jy die tug van die wysheid nie aanneem nie, gaan jy die dood tegemoet. Die sonde gaan jou bly vashou soos ‘n strik ‘n dier vashou wat hy gevang het. Deur die grootheid van jou dwaasheid sal jy aanhou bly dwaal. Jy sal nie tot rus kom nie.

En wat doen ek wanneer ek reeds verkeerd gedoen het? Dan is die bevrydende dat jou hele lewe voor die oë van die Here is (5:21). Die Here het jou hele lewe gesien. Die Here is betrokke by jou lewe. Het u goed geluister. Nie sommer enigeen nie. Dit is die Here wat sy vergifnis vir sy volk kom beloof het. Hý ken jou hele lewensgang. Nie mense wat soms heel hard en onvergewingsgesind kan wees nie. Met sy genade en sy vergifnis, is die Here betrokke by ons lewenspad. Moet nou nie verder bly op die pad van dwaasheid nie. Kom, luister na wysheid. Laat jou onderrig. Breek nou los uit die verhouding waarin jy is op ‘n mnaier waarop jy nie behoort te wees nie. Stop nou jou verslawing aan pornografie of aan die liggaam van een wat nie aan jou behoort nie. Drink water uit jou eie reënbak en strome uit jou eie put.

Ons gesprekke

André de Vente

As ons praat, rig ons ons meestal op die ander persoon. Aan hom/haar wil ons ons gedagtes oordra; en daardeur gedagtes wissel.

Dit is ook moontlik, dat ons met onsself ‘n gesprek het. In hierdie geval moet ons dit tussen aanhalingstekens sit, want hierdie ‘gesprek’ is eintlik nadink oor wat ons van alles dink en of ons gedagtes wel reg is. Dit is dan ‘n nagaan van die inhoud en waarde van ons geestelike besit.

‘n Uitermate belangrike gesprek is die gesprek tussen jou en God: die gebed. Die gesprek kan in die publiek plaasvind. Hier dink ons aan die gebed in die kerk waar die predikant nie sy eie persoonlike moeite, sorg en dankbaarheid, voor die troon van genade bring nie, maar juis as mond van die gemeente optree.

Die gesprek tot God vind by voorkeur plaas in die binnekamer. Christus het tog nie verniet gesê: “Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid tot jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.” (Matt 6:6). Hier word gewys dat bid alles inhou wat ons tot ons Vader in die hemel wil sê: ons sorge en moeites aan Hom voorlê, Hom dank en prys vanweë Sy goedheid, wat Hy ons elke dag bewys in ‘n oorvloed van gawes, terwyl Christus ons geleer het om te bid vir ons ‘daaglikse brood’ – slegs vir dit wat ons die komende dag nodig het.

Maar as die gesprek tussen God en mens dan so belangrik is, hoekom is ons dan partykeer so bang om met mekaar oor God te praat? Wat is meestal die onderwerpe van ‘n gesprek tussen persone? Gaan dit nie maar meestal oor ons daaglikse lewe nie? Is God dan nie die primêre doel van ons gesprekke nie? As jy met jou vriende nie eers oor die Here kan praat nie, hoe sal jy ooit die evangelie van Christus aan mense daarbuite kan uitdra? Ons moet juis daarop gaan let dat ons die Here in ons gesprekke betrek, en nie net altyd oor ons daaglikse lewe praat nie.

As ons ons onder ons vriende is, vloei ons gesprekke meestal baie gemaklik. Maar hoekom gebeur dit dat, as ons oor die geloof praat, dit moeilik is om ‘n goeie en opbouende gesprek te voer? As ons God waarlik liefhet, en ons harte vol is daarvan, dan behoort ons tog maklik daaroor te praat! (*waar die hart van vol is, loop die mond van oor).* Kom ons gaan let daarop, en sorg dat God ook ‘n plek in ons gesprekke vind.

‘n Gesprek waar God nie bespreek word nie, of waar Sy naam nie genoem word nie, is nie noodwendig verkeerd nie. As ons praat oor ons werk byvoorbeeld, is die moontlikheid groot dat ons nie oor God praat nie. Maar ‘n goeie gebalanseerde gesprekslewe is baie noodsaaklik, want om te veel oor die een of die ander te praat is juis afbrekend, veral as ons te veel oor die werk en te min oor die geloof in Christus praat.

Kom ons bou ons gesprekke op Christus. Laat ons gesprekke en ons dade, en ons lewenstyl en ons gesindheid, ons verhouding met God uitdra. En laat dit ook Christus in ‘n verdorwe wêreld uitdra. En as ons met ons vriende of met enige persoon wat ons teëkom praat, laat ons gesprekke dan geen grense ken wanneer dit by God kom nie. Ons is geskep na God se beeld, na God se gelykenis (Gen. 1:26). Dit beteken dat ons Hom verteenwoordig hier op aarde, ook deur ons gesprekke.

As ons hart van die geloof vol is, dan sal ons mond ook daarvan oorloop…

Die onophoudelike gebed van God se uitverkorenes

Christiaan Stolper

Graag wil ek dié tema bespreek aan die hand van ‘n gedeelte in die Bybel, nl. Lukas 17:20-18:8, met die fokus op hoofstuk 8:1-8.

Lukas 18:1-8

1 En Hy het ook aan hulle ‘n gelykenis vertel met die oog daarop dat ‘n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie, 2 en gesê: Daar was ‘n regter in ‘n stad wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie. 3 En daar was in daardie stad ‘n weduwee, en sy het gedurig na hom gekom en gesê: Doen reg aan my teenoor my teëparty. 4 En ‘n tyd lank wou hy nie; maar daarna het hy by homself gesê: Al vrees ek God ook nie en al ontsien ek geen mens nie, 5 tog sal ek, omdat hierdie weduwee my moeite gee, aan haar reg doen, sodat sy nie eindelik kom en my in die gesig slaan nie. 6 Toe sê die Here: Hoor wat die onregverdige regter sê. 7 Sal God dan nie reg doen aan sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? 8 Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen; maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?

In hoofstuk agtien vertel die Here Jesus ‘n gelykenis van ‘n onregverdige regter en ‘n arm weduwee. Samevattend: Daar was ‘n regter in Israel wat God se reg moes bedien aan Sy se volk. Maar hy het nie ‘n saak met God gehad nie, en net so min met sy medemens. In dieselfde stad waar die regter sy taak moes uitvoer, het ‘n arm weduwee gewoon wat ‘n groot probleem gehad het. Iemand het haar ingedoen en sy was nie by magte om die onreg haar aangedoen reg te stel nie. Sy kan alleen haar saak aan die regter voorlê. Die regter wou oorspronklik niks daaraan doen nie.

Wat wil God vir ons sê met die gelykenis? Wie is die regter en wie is die weduwee? Om die vrae te kan beantwoord, moet ons eers kyk na die gedeelte wat die laaste agt verse voorafgaan. Hier lig die Here Jesus sy luisteraars toe oor die koninkryk van God – dit is: sy wederkoms op die wolke. Hy vertel die mense dat die dae voor die wederkoms sal wees soos die dae waarin Noag en Lot geleef het. Op die oog af lyk alles heel normaal. Die mense trou, hulle eet en drink, hulle koop en verkoop en hulle plant en bou. Maar agter die rookskerm van die normale, geskied daar ‘n onbeskryflike stuk onreg. Die mensdom ignoreer God die HERE, nieteenstaande die dringende prediking van Noag. En wat is die gevolge? Kyk maar na die algehele sonvloed en die algehele ondergang van Sodom en Gomorra.

Die Here vervolg sy lering deur vir sy dissipels te vertel wat die gelowiges te wagte gaan wees in die tyd voor die wederkoms. Die dae voor die wederkoms gaan vir die volk van God dae van druk en benoudhede wees. Daar gaan teen die gelowiges onreg gepleeg word in die hoogste graad, en hulle gaan deur en deur gesif word. Beleef ons dit nou al?

Om nou terug te kom by die vorige vraag, nl. wie die regter en weduwee is, kan ons die volgende aflei: die regter is die klipharde wêreld en die weduwee is die kerk. Solank die mens met die stroom van die wêreld saamswem is dit maklik om jou ding te doen, maar sake word anders waneer jy begin aanspraak maak op die reg van die Here. Dan word dinge ongemaklik, omdat die lig van die evangelie sake oopkrap wat in die duister gekook word. Hoe gemaak as die reg van die gelowige op die straat vertrap word? Christus onderrig ons dat ons moet bid, en nie moet moedeloos word nie. Hierdie onderrig geskied in die vorm van ‘n dwingende opdrag. Die Vader wil nie dat sy kinders eers alles op eie houtjie probeer doen nie. Hy soek sy kinders van die begin af aan op die knieë. “Die vurige gebed van die regverdige het groot krag” (Jak. 5:16). Sonder die vurige gebed het die gelowige geen krag nie. “Doen smekinge, gebede, voorbedes en dankseginge vir alle mense” (1 Tim. 2:1). Laat alles wat jy aanpak deur gebed gedra word, want alleen so kan jy as gelowige staande bly in die dae voor die wederkoms-dae waarin ons onteenseglik leef.

Ons het so pas gehoor dat die gebed ‘n moet is, maar langs die “moet” staan ook ‘n ander woord wat die aandag trek. nl. ons moet *gedurig* bid. In die gelykenis brei Christus daarop uit. Die weduwee hou nie op om na die regter te gaan nadat hy nie na haar wou luister nie. Sy gaan terug na Hom, en maak weer ‘n appel op hom. Wat wil Christus met die beeld van die weduwee vir ons sê? Hy wys ons dat net soos wat die verontregte weduwee herhaaldelik na die onregverdige regter gegaan het vir regspraak, net so moet die gelowige kind herhaaldelik in gebed tot sy hemelse Vader nader. Bid sonder ophou is die opdrag van ons Verlosser. Oor hierdie opdrag moet ons absolute duidelikheid hê.

Wat hou dit in om gedurig, herhaaldelik en sonder ophou te bid? Beteken dit dat die lewe net uit gebed moet bestaan? Die optrede van die weduwee in die gelykenis gee – wat dit

betref - diepgaande insig. Die weduwee stel haar saak en gaan dan huistoe om op ‘n latere stadium haar saak weer te stel, en dan weer huistoe te gaan. Ons leer dat die gebed onophoudelik moet wees, maar dat elke gebed ‘n begin en ‘n einde het. Die *biddende* gelowige moet per slot van sake ‘n *werkende* gelowige word. Die werk in die koninkryk moet gedoen word uit die krag van die vurige gebed. Lê jou hele lewe, *al* jou planne, *al* jou opdragte wat vir die dag voorlê, *al* jou sorge en bekommernisse aan die Here voor. Daarom, moenie die dag begin sonder gebed nie! “Laat U wil geskied” moet ons elke dag bid sodat ons wil by die Vader se wil sal inpas, en Hy ons sal bevry van eiewlilligheid. Ook: “Laat U koninkryk kom”, sodat ons nie ons eie koninkrykies opbou en ons nietige mense sakies eensydig-egoïsties bevorder nie.

Die Here wil dat ons in geloof bid. In Lukas 8:8 vra die Here: “As die seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?” Hierdie vraag het alles te doen met die gebede van God se kinders. As ons met aandag na die woord van die onregverdige regter luister dan kom die vraag: Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie? En dan mag ons weet dat God sekerlik reg sal verskaf aan sy uitverkorenes! Dit gebeur nie altyd in hierdie lewe nie. God is ‘n uiters regverdige Vader en daarmee saam, is Hy oneindig barmhartig. Sy liefde teenoor ons blyk juis daaruit dat Hy ons as sy eiendom uitgekies het. Petrus sê in 2 Pet. 3:9 dat dit lyk asof die Here die wederkoms oneindig lank uitstel en vertraag. Moet ‘n mens eers swaarkry voordat die Here kom? Ja, sê die Here, so moet dit. Die laaste uitverkorenes moet eers gebore word en tot bekering kom – dán kan die dag van oordeel aanbreek. Intussen moet ons gelowig wag.

Gelowige gebed is om te bid met die absolute sekerheid dat God reg sal geskied. Al hierdie dinge rus in geloof. Geloof laat ons met verlange uitsien na die voltooiing van God se raadsplan. As die Seun van die mens kom, as die druk op die gelowiges sy optimum bereik, mag dit dan bevind word dat ons almal in geloof volhard het.

Negatiewe terugvoer

Oom Hilko Lubbinge

Negatiewe terugvoer of kritiek word in ‘n moderne wêreld as taboe beskou. Positiewe kritiek kan nog aanvaar word. En ons sal saamstem negatiewe terugvoer is nie lekker nie. Dit kan jou ook maklik ontmoedig. Maar is dit korrek dat negatiewe terugvoer altyd vermy moet word en onaanvaarbaar is?

Kom ons kyk na die volgende geval. ‘n Vuurpyl word gelanseer. Sodra ‘n vuurpyl die lanseerplatvorm verlaat, word die baan waarin hy beweeg elke sekonde gemeet en vergelyk met die beplande baan. Sodra daar ‘n afwyking is stuur die rekenaar negatiewe terugvoer deur sodat die motore van die vuurpyl verstel kan word, en die vuurpyl weer in die regte baan kom. Indien hierdie negatiewe terugvoer nie daar was nie sou die vuurpyl voortgaan op die verkeerde baan. Ons weet almal wat dan gebeur, die vuurpyl is op die pad na selfvernietiging.



Maar, sal ons sê, wat het ‘n vuurpyl nou met my lewe te doen? Dink bietjie na, is dit nie so dat ons ook op ons lewenspad gedurig regstelling nodig het nie? Die Woord van die Here spel vir ons die baan van ons lewenspad uit. Sodra ons daarvan afwyk is negatiewe terugvoer (vanaf ons ouers, predikant, ouderling, broers of susters) nodig. Dit is die onderlinge vermaan. As ons dit nie doen nie, is ons onbarmhartig want die persoon word nie gekeer op die pad na selfvernietiging nie.

Ons reageer verskillend op negatiewe terugvoer. Sommige aanvaar dit en pas hulle lewensbaan aan na die regte pad, ander word kwaad en gaan voort op die pad van die kwaad en selfvernietiging. Dít is wanneer ouers of ‘n kerkraad tug moet toepas. Wie sal nie skree as hy ‘n kind sien instap reg voor ‘n aankomende motor nie?

Wanneer God nie sin maak nie

Adrian van den Berg

Wanneer christene praat oor pyn en lyding, is daar altyd iemand wat Romeine 8:28 voorlees: “En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk”. Die misverstand wat egter telkens gemaak word is dat die “ten goede” miskien eers jare later waardeer kan word of soms glad nie. Die pyn van die oomblik kan nog steeds verskriklik wees. Wanneer daar ‘n verskriklike ding in jou lewe gebeur – iemand naby aan jou word siek, byvoorbeeld, en al bid baie mense vir die persoon en word mediese sorg toegepas, sterf die persoon nogtans – voel mense dikwels verraai deur God en kwaad vir Hom. Waarom het God toegelaat dat die persoon siek word en sterf? Waar is die God wat vir ons sê dat Hy ons liefhet?

Maar hoekom laat God dan rampe en teëspoed toe?
Laat ons eers die regte perspektief op die saak plaas. Wie veroorsaak nou eintlik al hierdie pyn en swaarkry? Die mens en sy sonde is agter al die trauma. God het die wêreld perfek geskape – die mens was voor die sondeval volkome heilig, en die wêreld was sonder gebrek. Ons lees in Genesis 1 : 31 - “Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed.”

Die oorsprong van die ellende is dus die mens. Dit is ook hoekom rampe soos die onlangse tsunami deur God toegelaat word. Dit is deel van die almagtigheid van God: Hy kan die kwade wat Hy haat, toelaat sonder om daaraan skuld te dra. In ‘n kultuur waar mense al hoe meer vashou aan die idee dat hulle hul omgewing kan beheer, gee God skielik ‘n rotsvaste getuienis van sy almag. God word deur sommiges blameer vir die ramp en ander vra verontwaardig: “Hoe kon (durf) God dit toelaat?”

God belowe ook nêrens in die Bybel dat die lewe hier op aarde probleemvry en altyd plesierig sal wees nie. Inteendeel, in Genesis 3 : 16 lees ons “Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap” en in die volgende vers “vervloek is die aarde om jou ontwil – met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring.” God het ons dus gewaarsku.

Wanneer God nie sin maak nie, is daar niks meer wat hy van ons verwag nie dan dat ons in geloof in hom bly vertrou. God sal niks doen om dit te verswak nie, en ons kan God nie sonder geloof bly maak nie. Geloof is vertroue in die dinge waarvan ons geen onfaalbare bewys het nie – dit is vasbyt wanneer die dinge wat met ons gebeur ons geloof skynbaar vals laat lyk.

Die Here los nie altyd ons probleme onmiddellik of selfs later op nie, maar ons kan altyd weet dat dit onder God se liefdevolle beheer plaasvind. Wanneer ons deur die dal van doodskaduwee loop, soos almal van ons op een of ander stadium doen, mag ons weet dat ons nooit alleen is nie, en ons sal nooit buite die bereik van Sy liefde wees nie.

Bronne: When God doesn’t make sense (James Dobson)

Voel jy ook so?

Alweer verhoudings

Linette Visagie

Follow your own heart! Van oral oor word die gedagte in ons koppe geprop. So begin ons verhouding ook op die ou end lyk. Ons vergeet van 'n doel en ploeter maar voort in die hoop dat dinge eendag sal reg kom. Maar weet jy, dis nie wat God vir jou en my bedoel het nie. Hy het ons vrygemaak van die sonde en wil ook hê dat ons daaruit moet lewe (Galasiers 5:1). Daarom gee Hy ook 'n duidelike doel vir ons lewe en so ook vir ons verhoudings - die wonderlike opdrag of doel om God se naam in alles groot te maak! (1 Kor. 10:31) Ek het die volgende woorde in 'n boek raak gelees. Dit laat ‘n mens nogals nadink.

Living to glorify God means doing everything:
For Him
His way
to point to His greatness
and reflect His goodness

Word my en jou verhouding so gekenmerk? Staan God se eer of my eie plesier eerste in die verhouding? Dink ek voor ek iets doen of dalk aantrek of dit goed gaan wees vir die ander persoon? En nou die groot vraag: Kan ek romanse en wysheid bymekaar pas in my verhouding?

Romanse laat ‘n mens se kop draai en veroorsaak dat jy sommer hals oor kop reageer. Wysheid is 'n ander ding en soveel jongmense dink dit hoort by die gryse ouderdom. Wysheid vind ‘n mens alleen in God se Woord. Wysheid in 'n verhouding behels o.a die belangrike verstandsbesluite wat ek teen my begeertes in maak en uitvoer. Eers wanneer jy romanse en wysheid by mekaar kan pas is jy gereed vir 'n verhouding wat werklik daarop gerig sal wees om God groot te maak.

Twee belangrike doelpunte in 'n verhouding moet wees om te groei en te beskerm. Beskerm klink seker baie vreemd vir jou, want wat het beskerming nou eintlik te make met my romantiese verhouding met 'n ou of meisie? Maar laat ek probeer verduidelik wat groei en beskerm in 'n verhouding eintlik beteken.

Groei sodat ek werklik die ander persoon se karakter kan ken. Beskerm mekaar se hart omdat die uiteinde van die verhouding nog onbekend is. Onthou dat jul liggame en harte nog nie aan mekaar behoort nie! Groei en beskerm in drie gebiede: Vriendskap, Broederskap (in die geloof) en Romanse. Om te groei in vriendskap beteken om dinge saam te gaan doen sodat jul mekaar beter kan leer ken. Beskerming behels om seker te maak dat die vriendskap die regte pas, fokus en ruimte het. Groei in broederskap behels o.a. om saam te bid en te praat oor jou geloof. Maar onthou om mekaar te beskerm sodat jul nie God se plek in die verhouding inneem nie. Herinner mekaar voortdurend om jul sielsvervulling in God alleen te vind. Romanse mag alleen kom wanneer vriendskap en broederskap groei!

As vriendskap en broederskap groei begin die romanse ook groei. Die romanse is nie altyd so maklik soos dit klink of waaroor ek en jy so graag wil droom nie. Romanse gaan altyd gepaard met die sondige hartstog wat in elke soentjie en drukkie jou wil oorrompel. (Die hartstog waarvan ek hier praat is die hartstog wat Paulus in Kolossense 3:5 noem en beveel om dood te maak. In die Engelse Bybel word dit vertaal met ‘lust’ wat dit eintlik beter beskryf.) Op die ou end voel jy vasgevang en verlore in die ding wat eers so lekker was, hartstog (lust)! Ons is vrygekoop van die sonde en moet ook so lewe!

Voordat jy dus vasgevang word deur die hartstog moet jul nugter wees en saam besin! Kry die Bybel, bestudeer dit en stel maatreëls op vir jul fisiese verhouding. Maak afsprake oor die tyd en plekke waar jul kuier. Maak afsprake en reëls wat tot Godsvervulling lei. God se liefdesverbond met ons is egter die voorbeeld waarna ons moet streef. In God se liefde het Hy ons die wet gegee om ons te beskerm! Maak daarom ook reëls in jou verhouding sodat jul mekaar kan beskerm!

Vandag se flieks is vol van seks scenes of dinge wat 'n hint daartoe gee (soos bv. die kleredrag van die actors). Tydskrifte, advertensies op TV en selfs winkelvensters het verleidelike beelde wat elke ou en meisie stimuleer om sy/haar eie sondige hartstogte te volg! God vra van ons om "not even a hint" van "sexual immorality" in ons

lewe te hê nie. (Ef. 5:3 gaan lees dit in die Engelse Bybel, dit staan baie mooi daar!) Vir 'n jong christenmens word dit steeds moeiliker om volkome rein en heilig te leef. Waarom staan ons nie meer saam en ondersteun mekaar teen hierdie stryd VIR ons seksualitiet nie!? Daardeur kan ons dalk ons seksualiteit red van die vernietiging deur hartstog! Dan kan ons ook saam nugter en ingetoë God loof en prys in ons verhoudings!

'n Paar goeie boeke wat oor bogenoemde onderwerpe handel is 'I Kissed dating goodbye', 'Boy meets girl' en 'Not even a hint', al 3 geskryf deur Joshua Harris.
Beslis baie insiggewend!

"Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af..."

Roelof Middeljans

Broederlike liefde. Wie van ons kan eerlik sê dat hy nie sy broers of susters as vanselfsprekend en selfs dikwels as ''n regte pyn in die nek' beskou nie? Dit voel soms asof jy in die verkeerde gesin gebore is. Jy kan glad nie oor die weg kom met die res van jou gesin nie. Dan is daar weer stadiums wat jy dalk skuldig voel en regtig moeite wil doen om op te maak met jou broers/susters – net om half weggestoot te word en dan weer kwaad te word daaroor. 'n Bose kringloop. Dit gebeur met ons almal.

Blaai maar deur die Bybel ook. Ons kan begin by Kaïn en Abel – die ou bekende storie van broedermoord. Natuurlik sal jy nooit tot daardie uiterste gaan nie. Ons lees verder: Sem, Gam en Jafet; Jakob en Esau; Josef en sy broers. Reg deur tot in die nuwe testament waar Jesus se broers ook teen Hom opstaan en daarna herhaaldelik tot in Openbaring.

Broederlike liefde is een van die temas in die Bybel waar die riglyne baie swart-wit is. Die 'slegte' persoon in elke verhaal word vervloek of op 'n ander manier bestraf. Natuurlik kan ons nou argumenteer dat in meeste van bogenoemde verhale die een persoon altyd God se wil doen en die ander nie en dat die riglyne daarom so duidelik swart-wit is. Ondanks die feit dat dit wel dikwels die geval is kry ons ook duidelike algemene riglyne in terme van broederlike liefde.

Die volgende tekste gee 'n goeie aanduiding van die verhouding wat daar tussen broers en susters moet wees:

"...elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! Moet verantwoording doen voor die Groot Raad..." (Matt. 5:22),

"...wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde, die een moet die ander voorgaan in eerbetoning." (Rom. 12:10),

"Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, God vrees, die koning eer." (1 Pet. 2:17),

"En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde." (2 Pet. 1:5-7).

Bogenoemde tekste spreek vir hulleself. Ons sien ook in ons eie gesinne dat daar soort van 'n 'ingeboude' liefde vir mekaar is. Dit is die een plek waar ons onsself kan wees en presies vir mekaar kan vertel wat ons dink. Dit is die plek waar ons baklei dat die hare waai en meeste van die tyd weer later opmaak. Dit is die plek waar ONVOORWAARDELIKE liefde gegee word.

Dit is egter nie genoeg om dit net te weet nie. Kom ons kyk regtig diep in ons harte en sê vandag vir ons broers en susters dat ons regtig lief is vir hulle. Ten spyte van alle verwyte. Spandeer dan 'n bietjie meer tyd aan hulle. 'n Paar woorde kan opbouend wees, bemoedigend, beïnvloedbaar of selfs inspirerend. Dit kan selfs vir daardie persoon 'n positiewe sig gee vorentoe. Dit sal die moeite werd wees om te oefen om meer bemoedigend te wees. En dan eendag wanneer jy dit die minste verwag sal jy die vrugte daarvan pluk.

"want so lief het God die wêreld gehad, dat hy sy eniggebore Seun gegee het,sodat elkeen wat in hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe mag hê"
(Joh. 3:16)

Broederliefde is om mekaar voor te gaan in eerbetoning. Laat ons mekaar daarin tot 'n voorbeeld wees. Moenie op ander wag om jou te prys nie. Wees die eerste om die ander die eer te gee wat hom of haar toekom. Om liefde te kan ontvang is net so 'n belangrike gebaar as om liefde te kan gee. 'n Gelowige word immers gekenmerk deur ware broederlike liefde en ootmoed.

"...en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir almal, soos ons ook teenoor julle is. (Thess. 3:12)

Bronne: Internet
Die gesin - deur prof. P.J. de bruyn
Marjan Middeljans

My en jou uiterlike voorkoms

Marjolein Stolper

"Nee dankie, geen koek vir my nie. Ek is van gister af op 'n dieet."
"André soek nie 'n vet meisie nie en ek wil graag so maer wees soos Victoria Beckham."
"Kyk hoe lyk ek!"

Die opmerkings is glad nie iets ongewoons onder die meisies van vandag nie. Dis elke nou en dan dat 'n meisie weer besluit sy moet op 'n dieet gaan, al is sy so maer dat jy haar ribbes kan tel.



Vir meisies is dit amper 'n obsessie om mooi maer en slank te wees, maar daarby ook nog 'n mooi vel te hê en goed gebou te wees. Meisies sal vir ure lank voor hulle spieël staan en dan nog steeds ontevrede wees oor hoe hulle lyk.

Seuns daarenteen is baie meer gemaklik oor hoe hulle lyk. Meeste wil wel netjies en aanvaarbaar lyk, maar ure voor die spieël is nie iets vir hulle nie. Hulle aanvaar dat hulle nooit 'n Brad Pitt of David Beckham sal kan wees nie. Seuns is meer gerig op 'n gespierde lyf en bring, in plaas van ure voor die spieël, meer ure in die gym deur.

Meestal gaan meisies op 'n dieet omdat hulle ouens van hulle verwag om maer te wees, want Hollywood propageer dit. Vir 'n meisie is dit baie belangrik om ín te wees en deel van die groep te wees. Hulle wil graag aanvaar word en daarvoor moet jy wees en lyk soos die groep. Gewoonlik is meisies baie meer selfversekerd as hulle maer is en daarby nog mooi is ook. Hulle voel dat hulle so beter deur die wêreld aanvaar word.

Mans kan ook soms bogenoemde opsies as dryfveer hê as hulle wil maer word of goed gebou wil wees. Maar dis oor die algemeen meer vrouens se mikpunt. Daar is natuurlik geen kwaad daarin om op diëte te gaan en te gym vir gesondheid nie, maar ons moet die grense ken en nie oordrewe raak nie.

Die gevaar met obsessie oor jou liggaam is dat dit al is wat vir jou begin saak maak. Dit is al waarom jou hele lewe draai. God en Sy Woord word op die agtergrond gestel en jy met jou menslike drange en begeertes kom op die voorgrond. Sulke persone is ook geen aangename mense om te ken nie, omdat hulle net die heeltyd oor hulleself praat. Daar is geen plek meer vir mense om jou nie, net jyself is belangrik. Jy raak heeltemal versot oor jouself en jou liefde vir God kwyn.

Vir mense met 'n obsessie oor hulle liggame is niks 'n te groot prys om te betaal nie! Hulle sal selfs miljoene rande uitgee om met plastiese chirurgie hulle te vervolmaak. Hul sal deur die grootste pyn en ellende gaan net om mooi te lyk.

Ons liggame is tempels van die Here en daarom mag en moet ons ons liggame goed versorg en oppas, maar dit mag nie 'n obsessie word wat die grootste deel van jou lewe in beslag neem nie. Nêrens in die Bybel staan dat maer-wees, mooi-wees en gespierd-wees 'n voorvereiste is nie. Jy mag nie vriende of vriendinne aanvaar of nie aanvaar net omdat hulle lyk soos hulle lyk nie. Dit gaan veel eerder oor die persoon binnekant die mens. Dit gaan oor hoe die persoon is en wat die persoon glo. Dit is met dié standaarde waarmee ons vriende en metgeselle moet kies.

Dit beteken nie dat uiterlike voorkoms geen sê daarin het nie, maar uiterlike voorkoms mag nie die grootste faktor wees nie. Baie keer as 'n mens eers iemand leer ken, vergeet jy van sy uiterlike en ontdek jy die wonderlike persoon. As jy eers die mooi binnekant van 'n persoon ontdek het, word die persoon uiterlik net vir jou mooier! Dan maak die persoon se vetrolletjies en puisies nie meer saak nie.

God het elkeen van ons uniek geskape en op ons eie manier. Hy het nie 'n fout gemaak deur jou groter ore te gee as wat vir jou mooi is nie. Alles pas binne Sy wonderlike plan met jou. Vir God is jy kosbaar, of jy nou vet of maer, of mooi of lelik is. Al wat vir God saak maak is jou hart en jou geloof in Hom. Hy het jou lief as Sy kind. God het geen ander vereistes behalwe dat jy Hom meer lief het as enige iets anders nie.

'n Obsessie oor jou liggaam is 'n siekte van ons tyd. Die goeie nuus is dat daar medisyne is om jou daarvan te genees! Die enigste herstel lê by jou Vader in die Hemel. Jy is en was vir Hom so waardevol dat hy Sy eniggebore Seun gegee het om jou te verlos van die sonde en die gevolge daarvan. Hy wil hê dat ons positief teenoor onsself moet staan, omdat Hy die groot oorwinnaar is. Deur Jesus Christus ontvang ons nuwe identiteit wat nie aan dwase wette van die sondige wêreld gebonde is nie. Ons moet berusting en aanvaarding vind oor hoe Hy ons geskape het! God is Almagtig en groot, Hy maak nooit 'n fout nie!

Dino's = Evolusie; tjol of in die kol?

Sjirk Geerts

Die eerste sin in die meeste dinosourus kinderboekies lees: "Miljoene jare gelede". Ons vermy liewer sulke boekies maar ook die onderwerp, omdat ons nie weet wat om te dink van hierdie deel van God se skepping nie. Kom ons kyk 'n bietjie of dinosouries gelykstaan aan evolusie en ontwikkeling oor miljoene jare.

In National Geographic (Jan 1993) beweer 'n wetenskaplike: "No human being has ever seen a live dinosaur". Weet hy dit of dink hy dit? Hy het beslis nie met almal gepraat nie, en beslis nie met Adam of Noag nie. Dit is dus onwetenskaplik en 'n teorie waarin hy glo. Die Bybel sê God het die hemel en die aarde geskape (Gen.1:1), en "in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak" (Ex. 20:11). Dit sluit die dinosourusse in wat deur Adam benaam is. Gen. 1:6,7 sê: "En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. God het toe die uitspansel gemaak en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so." Daar was dus 'n laag water bo die lug wat ons inasem, maar hierdie water het afgeval tydens die vloed. Dit sou een van die redes wees vir die hoe ouderdomme deurdat skadelike strale geblokkeer sou word. Voor die sondvloed was die gemiddelde ouderdom 912 jaar terwyl ons vandag maar 70 na 80 jaar oud word. Reptiele kon ook hoër ouderdomme bereik en aangesien reptiele hulle hele lewe groei, is groot reptiele moontlik.

Die steriotipe vraag is, hoe het Noag al hierdie groot diere in sy ark gepas? Noag was al 600 jaar oud toe hy die ark gebou het en was slim genoeg om nie die heel grootste van elke dier te bring nie, 2 kleintjies sou ook werk. Ander redes: kleintjies weeg minder, eet minder, slaap meer en lewe langer na die vloed om meer nageslag te produseer (dis tog hoekom hulle in die ark was in die eerste plek?).

Hoe het al die spesies dan in die ark gepas? Noag het ook nie twee van elke spesie in die ark geneem, maar volgens hulle soorte of "every kind" (NIV) (Gen. 7:13,14). Daar is miljoene spesies maar dit is 'n arbitrêre mensgemaakte indeling en word soms so nou gedefinieer dat visuele herkenning bykans onmoontlik is. Noag het ook geen visse of goggas saamgevat nie, net diere wat deur neusgate asemhaal (Gen. 7:22). So het ons vandag bykans 250 honde variëteite, Noag het beslis nie soveel saamgeneem nie.

Dus:
• Net kleintjies
• 2 van elke soort, nie variëteit of spesie nie
• Net landdiere
• Daar word beweer slegs 8000 soorte was nodig op die ark

Evolusionis se vraag aan kreasionis: "Wil jy vir my sê al die honderde honde variëteite kom slegs van 2 honde? Ha ha! Kreasionis: "Jy glo al die verskillende honde kom uit 'n rots! Ter verduideliking, evolusie leer dat 20 miljard jaar gelede 'n big bang plaasgevind het waar niks ontplof het en alles ontstaan het. 4.6 miljard jaar gelede het die aarde afgekoel en 'n harde kors gevorm. Miljoene jare se reën het oseane laat ontstaan. Reën het die rotse geërodeer en komplekse verbindings gevorm in die oseane. Die "prebiotic soup" het baie langsaam in lewende organismes verander. Was jou oer-oupagrootjie 'n rots?

God het seker gemaak ooggetuies lewe lank genoeg na die vloed. So het Sem byvoorbeeld lank genoeg gelewe om Abram, Isak en Jakob se hand te kon skud. Na Babel het die mense versprei oor die aarde maar die storie het gebly. En vandag is daar 270 vloedlegendes wêreldwyd. Hoekom sou daar so baie wees? Want daar was 'n wêreldwye vloed.

Wat het dan van die dino's geword na die vloed? Wat het hulle laat uitsterf? Vóór die vloed het die mense baie oud geword maar ná die vloed was dit anders, so ook met die dinosourusse. Ná die vloed was die klimaat nie meer so gunstig soos voorheen nie. Verder het mense dino's doodgemaak om die hero te wees, weens kompetisie of vir vleis. Vroeër is dino's egter drake of monsters genoem. Die woord dinosourus is eers in 1841 vir die eerste keer gebruik. So word in die Bybel 35 keer na drake of monsters (Bv. Ps. 74:13,14), of na leviathan (Job) verwys. Dus soos mense toegeneem het, het drake afgeneem want wie wil nou langs 'n draak woon. Vandag dieselfde, hoeveel leeus of luiperds was daar in die Kaap 'n paar honderd jare gelede? En vandag?

'n Mens wonder waar kom die beskrywings van drake vandaan in ou geskrifte van reg oor die wêreld, of hoekom is daar so baie prentjies op potte en rotstekeninge. Of hoekom skryf Marco Polo oor drake wat hy gesien het toe hy in China was. Eenvoudig omdat mense dit gesien het.

Satan wil God se skepping gebruik om mense te verlei. Hy kon nie Adam verlei want hy het self die diere name gegee. Noag kon hy ook nie verlei nie, want hy het hulle in sy ark versorg. Nou is hy vandag besig om mense van God weg te trek deur dinosourusse te kombineer met evolusie. Ná Noag het dinosourusse skaarser en skaarser geword, totdat in 1809 iemand dinosourus bene gevind en aanmekaar gesit het. Meer bene is gevind en in museums gesit, en toe word in 1841 die woord dinosourus uitgedink. Die duiwel het 6000 jaar gewag vir die kans, as die mens glo dino's het miljoene jare gelede geleef (evolusie) sal hulle nie die Bybel glo nie, en het dit nie goed gewerk nie?

Nog iets:
Evolusionis se Bybelvers: Jer. 2:27a
wat vir 'n stuk hout sê: Jy is my vader;
en vir 'n klip: Jy het my gebaar.

'n Vraag in handboek:

Critical thinking.
1. Do you think humans are still evolving? Explain.

Dis soos om te vra: het jy al opgehou om jou hond te slaan? Sê jy ja, dan erken jy jy hét dit gedoen; sê jy nee, dan doen jy dit steeds. So 'n vraag leer geen kritiese denke nie, maar is 'n manier van indoktrinasie. Omdat evolusie so oortuigend klink en algemeen aanvaar word beteken dit nie dis waar nie, dis satan se wapen om mense van God weg te trek.

You may give without loving,

but you can't love without giving.



'n terugblik...

Kadesh Barnea...'n kampterrein waar die Magaliesberge nie net 'n ou heuweltjie is nie, maar 'n BERG. Dis waar Kongres 2005 plaasgevind het. 'n Kongres wat nie sommer vergeet kan word nie!

Veral met ons Australiese gaste: Boetie, Dwayne, Marinus en Quintin. Ek moet sê, as jy opsoek is na 'n 'band' sonder instrumente, dan het jy hulle gevind! Maar oppas...want gooi jy hulle met nat toiletpapier dan kry jy als erger terug!

Ook het Ds. Van Alten, Ds. Boon, Oom Willie Spies en Oom Harry Pouwels 2 dae saam met ons deurgebring. Hulle het baie goeie, leersame lesings aangebied. Die tema van die kongres was **'n Hart vir God**. Ons het saam gepraat oor hoe om 'n hart vir God te hê. Uit die Bybel leer ons veral dat dit beteken dat jou hele hart en siel aan God behoort. As jy *dit* besef, dan kan jy nie anders as om ook 'n hart vir jou naaste te hê nie. Ook vir die teenoorgestelde geslag. Dan mag jy broeder en suster in Christus wees vir jou naaste. As ek 'n hart vir God het dan wil ek nie probeer om net-net God se wil te doen nie, maar met my *hele* hart! Hoe verander dit nie 'n mens nie!

Buiten die lesings het ons ook lekker saam ontspan. Veral saans. Of jy 'deuridorings' moet kruip of 'n Bybelrondomtalie doen, alles was wenners. Met die Bybelrondomtalie het sommige spanne gebuk gegaan onder Bybelvrae en moes hul ver krap vir antwoorde. Natuurlik was daar ook 'Pro's' daardie aand. Wie sou vir Iwan, Eric en kie kan wen met '30 Seconds'? Of dalk Jan Geerts, Johan Bijker en kie met 'Pas bymekaar'? En wie sou vinniger kon hardloop om die stene (met onuitspreekbare name!) op die Hoëpriester se borstas in die regte volgorde te kry as Albert Drijfhout, Johan de Vente en Kie?

Die aand het toe afgesluit met 'n stoeledans en 'Midnight Rummikub'...Roelof, Albie, Cornelia, Renata, Klazine en Marjolein (wie het toe gewen?) Na hierdie spannende speletjie was dit tyd vir slaap. So braaf soos wat meisies maar is, het hul besluit om buite te slaap...want muskiet-prooi wou hulle nie wees nie. Min wetend dat hul dalk wel slaapsakdief-prooi kon word. Geagte menere Theo de Vries, Jan Lubbinge, en andere? Het die muskiete julle ook gepla???

Spoke... ja, daar was spoke en hulle het dit goed gehoor! 'n Bord met offisiële klagtes en bedankings is geuiter sodat almal in die verbygaan dit kon lees.

Klagtes:

Spook, ek soek ysies...antwoord: niet goed voor de lyn!
Ek hoor sekere mense kry koffie in die bed...spook, kan ek dit ook kry?
Alle spoke wat slaap, word wakker! Oké!
Wat is my spook se storie?
Spook, ek like chocolates!

Bedankings:

Baja dangkie oompie of tanie spook lat jei bogirol fir mei tod disfêr gigee hed.

Dankie dat jy net mooi niks doen nie!
Dankie dat jy spook, maar ek wil nie weet wie my spook is nie!

Daar is selfs 'n sms lyn geopen:
SMS die woord SPOOK na 072 000 0001 om uit te vind wie jou spook is.
Antwoord kan binne 4 dae verwag word.
(ongelukkig is kongres net 4 dae lank...)

Die kos...dit was nou vir jou soos 'n hotel s'n! Wat sal 'n mens anders verwag met Abbie by die vuur en 'Tannie Mandie' in die kombuis? Stapelvoedsel en stapelKOELDRANK...OROS? :)

Deur die week en veral die laaste dag is almal se fisiese kragte ook getoets. Sommiges het in hierdie proses hard met moeder aarde kennnis gemaak...Robert??? Is dít dalk waar die spreuk 'Jy speel nie teen 'n Aussie sokker nie' sy oorsprong het? Wel, met Willem as 'Referee', was kanse vat verby!

Gedink kongresgangers is fiks! Eerder uitgeput sê ek vir jou: net om met 'n OROS botteltjie van die een kant van die swembad na die ander kant te swem. Veral híérdie het die seuns so uitgeput dat hulle nie eers 'n 'girl' kon vra vir kongresete nie! Bekommerde Abbie en Theo (blykbaar ervare) moes die seuns telke male aanmaan om 'n 'effort' te maak. Gelukkig was hulle moeite nie tevergeefs nie en die Karnaval kon begin (of sou ons liewer sê ballon-bars-ete??) Almal opgemaak en versier, selfs met waatlemoen skille uit die kombuis (Adriaan??)

Die saal was pragtig versier deur Bertha, Anja, Janneke en Anja. Maar wat sou die aand wees sonder die…NARRE? Ons het al gewonder waarheen ons kongresouers so vinnig verdwyn het!

Soos die gewoonte maar is, is daar ook pryse uitgedeel.

Beste Groentjie het gegaan aan Boetie Kampman

Beste Bybelkennis aan Hendriët Pouwels

Mej. Sport was Elise Geerts

Mnr. Sport was Dwayne Ballast

Mnr. Staatmaker is toegeken aan Theo de Vries

Mej. Smile aan Klazine van der Sluis

Oorspronklikste Karnavaler was Adriaan Haak

Beste geklede Karnavalers was Albie Agema en Roelof Middeljans

En laaste, maar nie die minste: KongresMUSKIET.
Toegeken aan Mnr. AHM (Albert Huppe Muskiet) Bijker.

Na die laaste slapelose nag was 'The Final Countdown' en 'n GROOT opruiming. En toe is kongres verby. Maar moenie fout maak nie, dis nie die einde nie, want dit leef verder in ons geheue…

Kongresganger

Voetspore

Hallo julle blare en skêre!

Welkom by die eerste Voetspoor van hierdie jaar. Dit mag dalk die eerste Voetspoor van die jaar wees, maar eintlik is die jaar al volspoed aan die gang. Een persoon wie haar stempel sommer direk op die jeug se energievlakke gedruk het, en miskien die groot geheim agter die jeug se volspoed-status is, is onse eie Wilna Kerkhoff, wat terug is uit de *Koninkrijk der Nederlanden.* Sy het die jonge broeders en susters van ons Vrye Gereformeerde Kerk met die intrapslag tot sosiale verkeer teruggeroep, dit was ‘n toevallige saamloop van omstandighede. Volgens die gerugte – betroubare bronne ontbreek egter – gaan die koffiedrink as algemene gesamentlike byeenkoms van die jong kudde her-instansiëer word, en volgens uiters betroubare bronne, naamlik ‘n poster voor in die kerk, gaan die Revived Maranata jeug ‘n formele dinee organiseer. Gesien die feit dat Linda in die Maranata kerk is, is daar twee moontlikhede oor die kos wat opgedien sal word:

a) dit sal moontlik baie gesond wees, met min plaakmannetjie-veroorsakende spyse. Nagereg: waarskynlik Colgate Herbal.
b) Of Linda dink saaklik, en bedien kos wat baie plaakmannetjies veroorsaak, sodat sy meer klandisie het. Sodoende sal ons redaktrise van Maranata ‘n luukse lewe kan geniet.**

**- Die wat nie weet *wat op aarde gaan aan nie*, Linda is tandartsassistent. Dié spesie maak tande skoon en lag as jy gaatjies het, waarna hulle hul gepolishde Bosch 450i Boor uithaal.

Daar het ‘n paar (tydelike) oorseegangers teruggekeer. Marlies, Marita en Sparkie was Australië toe, en te hore aan laasgenoemde se Engelse aksent, het hy dit nogals geniet, mate. Uit lojaliteit met sy nuutgevonde landgenote, sien mens Sparkie nooit meer in ‘n gebreide trui nie. Mark my words. Carina, Cornelia en Corneel (excuse me alliteration) is terug van hul ekspedisie: “CCC – Avonture in die Bollevelde”. Op die vraag aan Corneel hoe die tydjie daar was, het hy geantwoord: “Dit was ‘n bol!”. Blykbaar is die drie nou veral geïnteresseerd in Bolletje-Beschuit, Bolsjewikisme, Bols (in mate natuurlik) die Boland en die minder bekende Bolkan-land, Bolgarye. Ronald was ook in Nederland, maar hy het homself besig gehou met (0/\/\P[_]73R-Programmering [vir die L33tzers onder ons sal hierdie woord die eerste een in hierdie artikel wees wat sin maak].

Dan ‘n paar nuwes: Alfred, Ilze en Antoinette is van die Kaap af hier. Aldrie het teveel vir Ewart gemis. Laasgenoemde bly egter kalm onder hierdie druk, op ‘n manier soos net hy kan. Anneke is vanuit Johannesburg verwelkom, omdat sy agtergekom het dat in ons ou slaperige Snor-stad tog wel ‘n goeie tersiêre opleiding of twee te vinde is. ‘n Ander ook-nie-onbekende en minder-nuwe byvoegsel tot die jeug is Jesca. Sy bly ‘n paar maande, en die meeste mense het nou slegs een vraag op hulle brein: gaan sy of gaan sy nie Wilna in toom kan hou nie? Woord van raad van my kant af: wag tot ons klaar geëet het by die dinee. En hiermee kry ek waarskynlik die volste ondersteuning van die Maranata redaksie…

Dan nog ‘n laaste preview op die maand wat kom: een van die JV’s het behalwe Nehemia ook die sokkerveld bespreek. En nie om te sien hoe Arsenal nòg ‘n wedstryd teen Bolton verloor nie, maar om met die hele jeug ‘n Pro-20 kriekettoernooi te hou! Hou dus 21 Maart oop, dis dan natuurlik Menseregtedag. Onthou dan net: in krieket is die meeste mense nie reg nie, slegs die umpire. Sien 21 Maart dus maar eerder as Umpire-is-reg-tedag.

Baie dankie en tot ‘n volgende keer
“You cannot put a price on comedy”
– David Brent

Voetspoor

Deur die sleutelgat

Aandag, Aandag!! Geen ongemagtigde lees van hierdie dokument..!

As u dit lees is u op die hoogte van die nuwe verwikkeling in die range. Die staande mag het ‘n beroep gedoen op die publiek vir vrywilligers wat onbaatsugtig hul wil opoffer in die stryd wat voorlê. Geen ervaring in guerrilla oorlogsvoering was nodig nie. Die vooruitsig wat hierdie rekrute in die oë staar, is skrikwekkend. Sonder om te skrik of te skroom, en met hope entoesiasme, het menige veglustige lede hul name kom opgee. Die organisasie is uiteraard nie diskriminerend nie en die groot getal vroulike lede is met ope arms verwelkom. In ag geneem die sensitiewe aard van die organisasie word net voorname genoem om die families te beskerm. In geen spesifieke volgorde: Arie, Fijma, Wietske, Melissa, Steve, Marieke, Marlize, Helène en Rigardt. Woord van raad: As die mortiere begin brul en die grofgeskut u te veel word, onthou ons leuse “Saam sal ons staan en alleen sal ons hardloop”. Dus, moenie hardloop nie... Ons hoop julle sal die ervaring geniet hier.

Dit was oorbodig, in ‘n sekere sin, om hul tuis te laat voel. By ‘n hoogs geheime verwelkomings parade by kamerade Haak se burgvesting het wanorde uitgebreek net na die hys van die vlag. Dit was vir nuwe rekrute een te veel en menigte het in ‘n Babelse verwarring losgebreek en die vesting op horings geneem. Ons was oorstelp van vreugde maar in die volgende paar weke sal ernstige dissipline toegepas moet word. Ek sluit af met Sersant Christiaan se woorde: “David Beckham kan nie onkant betrap word nie”.

Wietske was ‘n jaar oud, ahem ouer, en as mees senior rekruut was dit met toewyding gevier.

Terwyl die gesoute soldate rustig aan die kaartspeel was, het die res spek geskiet oor hulle moeders wat net sulke harde koejawels soos hulle is. Wat kan ‘n mens sê buiten “die appel val nie ver van die boom” nie? Brigadier Annamarie het puik onthaal, wat nie verbasend is van hierdie dapper suster nie. Nog ‘n persoon van top kaliber is die veldkornet, die einste, Jan. Hy was net terug uit Europa na nog ‘n suksesvolle veldslag by Assen, Nederland, en het uit die staanspoor sy troepe aangehits nadat hy weer die leisels opgeneem het. Ons is bly om hom as ons opperbevelvoerder te mag hê. Sterkte!

Ter afsluiting van hierdie dossier moet daar vermelding gemaak word van die Haaijema onthaal. Die ETA (Estimate time of arrival) was gestel op 4 uur op ‘n dag waar die kwik gebokspring het en hier by die dertigs rond gedwarrel het. Met die in ag name van die weersomstandighede, die terrein (wat rivierlope en rotspoele ingesluit het) en die hoogte bo seespieël het almal laat gryp na hul swemkleding en soos wafferse paddamanne een geword met die water. Azola was die mees gevreesde deelnemer van die water-kun-fu kompetisie maar moes bres gee vir Freddie wat met ‘n tegniese uitklophou geseëvier het. Daar was ‘n oomblik van opwinding toe daar ‘n haai bemerk was maar dit was toe al die pad ‘n bul, en niemand is tog bang vir ‘n bul nie. Marinus het ons vermaak met sy teenwoordigheid, net so ook Carike (Merk II) ‘n vriendin van Corlia. Baie dankie aan die gesin Haaijema vir hul gasvryheid, dit was voorwaar lekker!

Ek groet met die woorde van MacGuyver. “Hey kid, that’s my swiss army knife!”

Bible puzzle

There are 30 books of the Bible in this paragraph. Can you find them?

This is a most remarkable puzzle. It was found by a gentleman in an airplane seat pocket on a flight from Los Angeles to Honolulu, keeping him occupied for hours. He enjoyed it so much, he passed it on to some friends. One friend from Illinois worked on this while fishing from his john boat. Another friend studied it while playing his banjo. Elaine Taylor, a columnist friend, was so intrigued by it she mentioned it in her weekly newspaper column. Another friend judges the job of solving this puzzle so involving, she brews a cup of tea to help calm her nerves.

There will be some names that are really easy to spot--that's a fact. Some people, however, will soon find themselves in a jam, especially since the book names are not necessarily capitalized. Truthfully, from answers we get, we are forced to admit it usually takes a minister or scholar to see some of them at the worst.

Research has shown that something in our genes is responsible for the difficulty we have in seeing the books in this paragraph. During a recent fundraising event, which featured this puzzle, the Alpha Delta Phi lemonade booth set a new sales record. The local paper, the Chronicle, surveyed over 200 patrons who reported that this puzzle was one of the most difficult they had ever seen. As Daniel Humana humbly puts it, "The books are all right there, in plain view, hidden from sight!"

Those able to find all of them will hear great lamentations from those who have to be shown. One revelation that may help is that books like Timothy and Samuel may occur without their numbers. Also, keep in mind that punctuation and spaces in the middle are normal. A chivalrous attitude will help you compete really well against those who claim to know the answers.

Remember, there is no need for a mad exodus! There are really 30 books of the Bible lurking somewhere in the paragraph, just waiting to be found.

Verjaarsdae

Bethal

Albert Coetzee	16-Mar

Johannesburg

Peter Hamming	12-Mar
Pauline Seijdlitz	27-Mar

Kaapstad

Sjirk Geerts	5-Mar
Maarten Riamond	21-Mar
Annelie v/d Hout	23-Mar

Maranata

Leoni Smit	7-Mar
Gerrit Bouwmeester	12-Mar
Guido van den Bout	23-Mar

Pretoria

Ineke Roose	2-Mar
Marjanie Roose	2-Mar
Jeanine Hordijk	8-Mar
Elsje van der Poel	9-Mar
Jan Lubbinge	13-Mar
Gerda Aartsma	24-Mar
Natasha Danielz	25-Mar
Pieter Bron	25-Mar
Albert van der Poel	26-Mar
Frank Douma	30-Mar

Bid vir ...

Jeug

- Die wat in sonde lewe maar dit nie besef nie
- Die wat opreg Christen wil wees maar onderdruk word